# DIE SKIETLOOD

169ste Uitgawe 13 September 2019 saam met Koersvas 169

## NGB Artikel 37 (vervolg) ... slot

Die Skietlood 165 het afgesluit met 'n bespreking van die hel en die lot van satan, sy trawante en die ongelowiges. Die laaste sin was: ".*Die verwysing na 'onsterflik word' is teen hierdie agtergrond problematies en verdien verdere gesprek*." Enkele opmerkings in aansluiting by die vorige bespreking kan hier gemaak word:

Ons weet nie hoe die hel lyk of wat dit alles impliseer nie. Ons het bloot net metaforiese taal wat sekere aanduidings maak ten opsigte van die vuurpoel. Dit word ook die buitenste duisternis genoem. Duisternis en vuur (lig) sluit mekaar uit. Is die hel met ander woorde 'n non-entiteit, of moet ons 'n gemeenskaplikheid vind in die twee beelde wat gebruik word? Dit lyk tog asof dit meer sin maak om te stel dat hel in terme van verskriklikheid beskryf word. Dit is in lyn met die Protestante verstaan van Jesus se God-verlatenheid as Sy hellevaart.

Die dualisme (twee ryke) van 'n ewige hel strook nie met alles in die Bybel nie. Dit beteken dat die hel nie deel van die ewigheid sal wees nie. Hoe die hel ookal is en daar uitsien, is nie van soveel belang as om te weet dat daar so 'n werklikheid is en dat ons nie daar wil opeindig nie. Kom ons fokus eerder op die lot van die gelowiges.

**Die gelowiges en uitverkorenes, daarenteen, sal met heerlikheid en eer gekroon word.**

Die hel is vir die duiwel en sy engele voorberei. In ritme met daardie stelling word nou gestel dat die hemel die finale bestemming van die getroues en uitverkorenes sal wees. Die leser moet nie nou twee kategorieë inlees nie. Hier word twee sinonieme gebruik sonder opsigtelike rede. Buiten vir die ritme van twee partye ten opsigte van die hel, word dubbel sinonieme gebruik om iets oor die aard van hemel en die gelowiges duidelik te maak. Die hemel is 'n vooraf bepaalde werklikheid. Net so is gelowiges die uitverkorenes en die uitverkorenes is gelowig. Die mense wat uitverkies is, is die mense wat glo. Die mense wat glo, is die mense wat uitverkies is. Hierdie saak is reeds bespreek en word hier net weer gestel.

Die dubbel patroon word verder gevoer deur te verwys na eer en heerlikheid. Dit is sake wat nou verwant is. Alle eer en heerlikheid kom die Here toe. Tog gaan Hy aan die einde van tyd die uitverkorenes, die getroues, die gelowiges aan hierdie eer deelagtig maak.

**Die Seun van God sal hulle naam voor God, sy Vader (Matteus 10:32), en sy uitverkore engele bely; alle trane sal van hulle oë afgevee word (Openbaring 21:4).**

Matteus 10:32 "*Elkeen wat hom voor die mense openlik vir My uitspreek, vir hom sal Ek My ook openlik uitspreek voor my Vader wat in die hemel is*."

Die aard van vergifnis kom hier onder die kollig. Sonde en skande maak dat die mens self sy naaktheid probeer bedek het en van God se teenwoordigheid gevlug het. Dit was telkens so dat die mens sy sonde

probeer wegsteek het, dat die mens probeer wegkruip het. Dawid het tot moord oorgegaan om owerspel weg te steek. Daar is talle ander voorbeelde. Die sonde maak dat die mens wil wegkruip, dat die mens weggesteek moet word. Aan die einde van tyd gaan die wat glo, 'n nuwe werklikheid ervaar. Jesus gaan hulle openlik aan die Vader en die engele voorstel. Begenadigde sondaars sal sonder vrees voor God kan verskyn, en dit sal Jesus self wees wat hulle voorstel.
Openbaring 21:4 "*Hy sal al die trane van hulle oë afdroog. Die dood sal daar nie meer wees nie. Ook leed, smart en pyn sal daar nie meer wees nie. Die dinge van vroeër het verbygegaan*."
Soms voel dit asof 'n verlies, 'n mislukking of 'n ramp onoorkomelik is. Dit voel asof die druk van die situasie ons vir ewig in die diep poel van wanhoop inforseer. Die werklikheid is dat al ons trane sal opdroog, dat ons trane afgedroog sal word. God gaan nie die trane ignoreer of misken nie, God gaan die trane wegvee en dan sal daar nie weer trane wees nie.

**Dan sal dit bekend word dat hulle saak, wat tans deur baie regters en owerhede as ketters en goddeloos veroordeel word, die saak van die Seun van God is.**
Getrou aan die tyd waarin hierdie teks opgeteken word, moet die toedrag van sake in perspektief gestel word. Dit was in daardie tyd so dat protestante vervolg was op grond van hulle oortuigings. Kerk (Rooms) en staat het hulle vervolg. Hulle enigste troos was dat hulle vas gestaan het by die waarheid van hulle oortuigings. Daar het hulle gestaan; hulle kon nie anders nie. Hulle word getroos met die finale oordeel, wat hulle as regverdiges sal verklaar. Te midde van die geestelike, emosionele en intellektuele verguising en vervolging wat oortuigde Bybelgetroue gelowiges te beurt val, geld dieselfde troos. Finale geregtigheid word op daardie dag die nuwe en finale werklikheid. Aardse reg kan die een onregverdige oorwinning na die ander behaal, die finale oordeel staan reeds teenoor hierdie oorwinnings en sal hulle as leeg en sinneloos ontmasker.

**En as 'n beloning uit genade sal die Here self hulle so 'n heerlikheid gee as wat die hart van 'n mens nooit kon bedink nie.**
Dit wat gelowiges gaan ontvang, is nie uit verdienste hulle beloning nie. God se genade ken geen perke nie. Dit word nie eens deur mense se verbeelding beperk of ingeperk nie. Dit is soveel meer as ons wildste drome, ons kan maar net stel dat dit ver bo verbeelding en verwagting sal wees.

**Daarom verwag ons hierdie groot dag met sterk verlange om die beloftes van God in Jesus Christus, ons Here, ten volle te geniet.**
Die NGB sluit af met ‘n pastorale toepassing. Daar word na buite getuig en na binne getroos en bemoedig. Die reikhalsende verlange na die dag van die Here maak dat gelowiges met geduld en toewyding uitsien daarna om al Sy beloftes te belewe.
**AMEN**